

17 April

Skrifgedeelte: Jesaja 25:6-9
Fokusgedeelte: Jesaja 25:7, 8

Die dood vir ewig vernietig

Ons het hier te doen met een van die mooiste heilsprefesieë van Jesaja. Hy profeteer nie net dat die Here sy volk uit ballingskap sal laat terugkeer nie. Hy gaan verder. Hy praat van 'n doek wat oor al die volke gegooi is en wat die Here op die Sionsberg sal verwyder. As jy wonder wat hierdie doek is, kry jy die antwoord net in die volgende vers: "Hier sal die Here God die dood vir ewig vernietig, en die trane op almal se gesigte afvee."

Die nasies het die Here se volk smaad aangedoen deur oorlog, vernietiging, dood en ballingskap. Die skuld van die volke wat dit aan die Here se volk gedoen het, lê ook soos 'n doek oor die nasies. Die Here sal dit nie alleen wegneem deur sy volk terug te bring uit ballingskap nie, maar deur die dood as sodanig "vir ewig te vernietig".

In die lig van die Nuwe Testament verstaan ons mooi wat dit beteken. In Jerusalem is die dood vir ewig vernietig toe die Here Jesus uit die dood opgestaan het, omdat Hy die smaad van ons skuld aan die kruis weggeneem het!

Sing: Psalm 124:3, 4 (JDdT)

Ds. Chris Hattingh (Randburg)